



Belê R7 m. in oliebolle vir groenkaart in die VSA

6 Nov 2016 Rapport Riana de Lange

Geld kan nie alles koop nie, maar kan superryk Suid-Afrikaanse beleggers ver bring, selfs na lande soos Malta, Singapoer, Nieu-Seeland en nou ook Amerika.

Suid-Afrikaners met 'n groot netto batewaarde kan deelneem aan die Amerikaanse EB-5-visumprogram, wat die belofte van 'n groenkaart inhou, deur 'n minimum van \$500 000 – byna R7 miljoen teen die huidige wisselkoers – te belê in Dunkin' Donutswinkels in Amerika. Dit sluit administrasieën regskoste uit.

Die bedrag sal na verwagting in Desember tot \$800 000 verhoog word.

Die Amerikaanse regering maak jaarliks net 10 000 EB-5-visums wêreldwyd beskikbaar. Dié program is reeds baie gewild in China, Brasilië en Indië.

Die beleggingsbedrag word in 'n fonds betaal wat LCR Capital bestuur.

'n Afvaardiging onder leiding van Rogelio Caceres, medestigter en bemarkingshoof, en Carel van der Merwe, 'n Suid-Afrikaner wat vir LCR in Amerika werk, was verlede week in Suid-Afrika om belangstellendes in te lig. LCR werk saam met Grant Thornton en Fragomen Immigration Specialists.

Douglas van der Merwe, die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger van LCR, sê die inligtingsessies het baie goed afgeleef. Meer as 40 belangstellendes het die maatskappy via sy webblad gekontak. Drie ernstige beleggers het reeds dokumente onderteken wat die proses aan die gang sit.

Sedert die program in die 1990's ingestel is, is dit telkens heringestel, ongeag watter party in Amerika aan bewind is.

Dit het aan duisende immigrant-beleggers Amerikaanse burgerskap besorg en gehelp om 'n magdom van werkgeleenthede vir Amerikaners te skep – teen geen koste vir die Amerikaanse belastingbetaler nie, sê LCR in 'n brosjure.

Caceres het aan Rapport gesê die visumprogram maak dit vir kwalifiserende immigrant-beleggers en hul onmiddellike gesinslede (kinders tot die ouderdom van 21 jaar) moontlik om Amerikaanse groenkaarte te bekom deur 'n eenmalige belegging in 'n nuwe Amerikaanse onderneming wat tien of meer permanente werkgeleenthede skep.

Suid-Afrikaners se geld sal in die Florida-fonds belê word wat LCR gebruik om die Dunkin' Donutsfranchise uit te brei, nuwe winkels te help finansier en so die vereiste aantal poste te skep.

Dunkin' Donuts is naas Starbucks die grootste koffiewinkelgroep in Amerika.

Suid-Afrikaners het pas 'n voorsmakie van dié kitskos-handelsnaam gekry toe die eerste Dunkin' Donuts in Kaapstad geopen is. (Sien berig hierby.) Die belegging is 'n vyfjaar-lening en wanneer die kontraktyd voltooi is, word die kapitaal terugbetaal, sê LCR.

Caceres sê die belegger se besonderhede word geverifieer om 'n skoon agtergrond te verseker. Die voornemende belegger moet ook deur dokumente bewys dat die geld van 'n wettige bron kom.

Magnus Heystek, beleggingstrateeg en direkteur van Brenthurst Wealth, sê hoewel daar net 'n paar honderd Suid-Afrikaners is wat by sulke programme betrokke raak waarin jy in werklikheid 'n tweede paspoort koop, is daar wel 'n vraag daarna. Soortgelyke programme vir Malta en Portugal bied immigrante toegang tot die Europese Unie, wat aantreklik is vir tweede- of derdegenerasie-families met Europese bande.

“Onthou ook dat die bedrae wat vereis word, net die prys van die kaart is. Voornemende beleggers moet ook 'n ander inkomste hê om hul lewenskoste in die buiteland te dek,” sê hy.

Volgens Caceres is een van die belangrikste redes waarom mense soveel in die EB-5-program belang stel, dat dit hul kinders jonger as 21 jaar die geleentheid bied om toegang te kry tot Amerikaanse universiteite wat bekend is om hul akademiese uitnemendheid.

Heystek sê baie Suid-Afrikaners belê deesdae in Mauritius, waar daar reeds 'n sterk Suid-Afrikaanse gemeenskap gevestig is. Hulle vind dit ook makliker omdat dit nader aan Suid-Afrika is en tydsone ooreenstem. Tans word drie internasionale universiteite in Mauritius gebou, waaronder die Londense Middlesex-Universiteit.

LCR sê dit kan tot 60 maande duur vir die uiteindelijke goedkeuring van 'n groenkaart. Voorwaardelike verblyfreg kan binne 18 maande goedgekeur word.

Van die algemeenste redes vir afkeuring is twyfelagtige bronne van die beleggingsgeld of dat mense met voorwaardelike verblyfreg immigrasiewette oortree. sê Caceres.

www.netwerk24.com/Sake